**Huiswerkvel 33 (Hoofstuk 17)**

**Memorandum**

1. Wat is lirieke? (1)
*Die woorde van 'n liedjie.*

2. Mense wat Afrikaans praat, word gewoonlik "Afrikaners" genoem.
Wat noem ons mense wat woon in...?
2.1 Gauteng - *Gautengers*
2.2 Kaap - *Kapenaars*
2.3 Afrika - *Afrikane* (3)

3. Gee 'n beter Afrikaanse woord vir: *crèche* (1)
*Speelskool/kleuterskool*

4. Verduidelik in jou eie woorde ...
4.1 betogers – *mense wat opstaan teen iets waarvan hulle nie hou nie*
4.2 *hip-hop* - *'n soort musiek-/dansstyl* (2)

5. Dink jy Karen Zoid is gepla oor wat die mense (van haar) dink? Motiveer jou antwoord met 'n aanhaling.

*Nee (1) "If you don't like it, why don't you take a hike" (1)*

6. Wat beteken die volgende reël: *Ja, jy fix my krieket en miskien my rugby.* (2)
*Daar is mense wat* ***oneerlik (omgekoop word/knoei)*** *is in krieket en dit gebeur heel* ***waarskynlik*** *ook in rugby.*

7. Kyk na die reël: *Jy's cool, jy voel 'n veer vir global warming*
7.1 Wat beteken dit om 'n "veer" vir iets te voel? (1)
*Jy geen nie om nie/Dit traak jou nie*
7.2 Gee die Afrikaanse woord vir "*global warming*"? (1)
*Aardverwarming/aardverhitting*
7.3 Watter teenstelling kom ook in die reël voor? (2)
***Koud*** *teenoor* ***warm***

8. Kies die korrekte antwoord tussen hakies:
Die sangeres, Karen Zoid, voel (*optimisties/**pessimisties***) oor wat Afrikaners doen. (1)

9. Gee 'n sinoniem vir "swot" (1)
*leer/studeer*

10. Wie is Bobby Skinstad? (1)
*Hy was 'n bekende Suid-Afrikaanse/Springbok rugbyspeler.*

10. Dink jy die sangers maak haar skuldig aan stereotipering? Motiveer jou antwoord? (2)
*Ja, die sangeres* ***veralgemeen*** *deur te sê... Afrikaanssprekende mense wil net "vrolik" wees solank dit hulle bevoordeel/Hulle gee nie om oor wat in Suid-Afrika gebeur nie solank dit net met hulle goedgaan. Alle Afrikaanssprekendes is natuurlik nie so nie.*

**Totaal: 20 punte**